

Vrydag 23 Maart

Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:16-21

Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:16

Vaste grond onder die voete

In Februarie 1992 het 'n boek op die Nederlandse mark verskyn met die titel “Het algemeen betwijfeld Christelijk geloof”. Dit is 'n skrikwekkende titel. Dit is nog meer skrik-wekkend om te bedink dat die boek in drie maande se tyd agt herdrukke beleef het. Mense is verward, angstig, vreesagtig oor geloof en kerk, sê die skrywer. Daar is soveel teorieë en uiteenlopende menings oor godsdienst. 'n Mens weet nie meer wie waaroor reg is nie. Die boek kon net sowel in Suid-Afrika in 2018 gepubliseer wees. Of in die dae toe Petrus sy tweede brief geskryf het.

Dwaalleraars en spotters sit die lesers van Petrus se brief voortdurend onder druk. Waar God in sy Woord uitroepkens plaas, plaas hulle vraagtekens. Net soos Satan in die paradys met sy vraag “Is dit ook so dat ...?”, terwyl God uitdruklik sê: Dit is so! God se Woord kom in gedrang. Nie net die Woord nie, maar ook die profesie, die verkondiging van die Woord, kom in die spervuur. Profete en apostels wat God stuur om sy Woord te bedien, word bevraagteken en weerstaan. Petrus het dit self ondervind.

Daarteenoor stel die apostel dat hy op 'n dag saam met Johannes en Jakobus getuies van 'n aangrypende gebeurtenis was. Hulle het met hulle eie oë gesien hoe Christus op die berg verheerlik is. Hulle het met hulle eie ore gehoor hoe die Vader verklaar dat Christus sy geliefde Seun is (Mark. 9:2-7). Dit wat hulle gesien en gehoor het, verkondig hulle. In die mond van die drie dissipels staan die saak vas. Hulle profesie is waarheid: Christus die Verlosser kom langs die pad van kruisdood en hel tot oorwinning. Hy vaar op na die hemel. Hy kom weer. Petrus vestig sy lesers se aandag in besonder op Christus se weder-koms.

Met die oog op Christus se wederkoms moet ons in geloof vasstaan. Vasgeanker wees in die “algemene, ontwyfelbare, Christelike geloof” wat ons elke Sondag in die erediens mag bely. Heilige mense, deur die Heilige Gees gedrywe, het van God gespreek. Dit was lank gelede. Vandag het ons die Woord op skrif. God se heilige Woord, waarop ons ons bestaan geheel en al grond. Ongetwyfeld.

Sing: Psalm 33:5 (1936)

Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)